MATIES!
Probeer u eie winkel vir herstelwerk aan u rakette:
Kort snare 1/-. Lang snare 1/3.
Hersnarings: 17/6, 19/6, 25/6, 35/6. Armours super special snare 37/6.
DIE EIKESTADWINKEL
(Edms.) Bpk.
C.S.V. HOOFGEBOU.
Stellenbosch.

DIE Matie
STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT.
ORGAAN VAN A.N.S.-TAK.

Gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery en uitgegee deur die A.N.S.-Tak Stellenbosch

VILJOEN
se fietswinkel sal u fiets weer repareer. Bring dit net.
FIETSE EN FIETSPARTE NOU IN VOORRAAD.
Alles teen die billikste terme.
Onthou—
Net langs Suikerbossie.

DEEL II, No. 15. VRYDAG, 12 JUNIE 1942. PRYS 1d.

# Baie Atlete Verwerf Pryse

## Rolprent Van Olimpiese Spele Vertoon

**Die Atletiese Klub van die Universiteit het verlede Dinsdagaand 'n prysuitdeling gehou in die Hollandse saal. Daar was 'n groot aantal belangstellendes teenwoordig, en sommiges moes in die paadjies staan.**

**Dr. Eppie T. Stegmann, die President van die klub, het die verrigtinge geopen deur 'n welkomswoord aan die teenwoordiges te rig asook die klub geluk te wens.**

Stellenbosch het in die verlede veel presteer op die gebied van sport en is nog altyd instaat om sport van 'n hoë gehalte te lewer danksy die toewyding van die persone wat deelneem aan die atletiek.

Vervolgens het mnr. Danie Rabie, kaptein van die klub, mej. Hettie Lubbe gevra om die pryse uit te deel. Die volgende pryse is vir kampioenskappe uitgedeel:

PRYSE

100 tree: 1. A. Allen, 2. L. Loots; Verspring Dames: 1. E. van Niekerk, 2. H. Lubbe; 880 tree: D. Rabie; Spiesgooi Mans: 1. J. Krige, 2. B. Krige; 100 tree Dames: 1. Hettie Lubbe, 2, I. Nel; Verspring Mans: 1. A. Myburgh, 2. J. v. Heerden; Gewigstoot Dames: 1. H. Lubbe, 2. E. v. Niekerk; Gewigstoot Mans: 1. J. Krige, 2. S. Crowther; 80 meter Hekkies: 1. H. Lubbe, 2 E. v. Niekerk; 120 tree Hekkies: 1. A. Myburgh, 2. J. Gerber; Hoogspring Dames: 1. H. Lubbe, 2. E. v. Niekerk; 220 tree mans: 1. A. Allen, 2. H. v. Heerden; Paalspring: 1. B. Blommaert, 2. J. Botha; 2 Myl: P. de Wit; 220 Hekkies: A. G. v. Wyk; Diskus Dames: 1. Hettie Lubbe, 2. I Ettling; Spiesgooi Dames: H. Lubbe; Hoogspring Mans: 1. J. Brink, 2. B. Blommaert; 1 Myl: 1 D. Rabie, 2. N. Oosthuysen; 440 tree: H. v. Heerden.

VICTOR-LUDORUM

Dan is die Victor-Ludorum toegeken aan B. Blommaert asook die Hepworth-beker vir die beste prestasie van die jaar, in dié geval paalspring.

Die Victrix-Ludorum het na mej. H. Lubbe gegaan wat verreweg die meeste punte behaal het gedurende die kampioenskappe. Sy het oog die Young-beker verwerf met haar prestasie in die diskusnommer.

Verskeie ander pryse is ook toegeken aan wenners van voorgeenommers.

Na die uitdeling van pryse het dr. Stegmann versoek dat dr. Wilcocks 'n woordjie van die kant van die owerheid aan die mense sou rig. Dr. Wilcocks het die suksesvolle mededingers gelukgewens wat soos hy gesê het, tenspyte van baie moeilike omstandighede, soos die slegte baan op Coetsenburg wat hopelik gou in orde sal wees, hulle met soveel toewyding aan die sport gewy het, dat hulle die seisoen so suksesvol kon afsluit. Hy het die hoop uitgespreek dat baie meer studente aan die sport sal deelneem in die toekoms. Verder het hy persone wat gehelp het by die byeenkomste baie bedank en veral melding gemaak van die breier mnr. S. J. du Toit wat van elders moet oorkom om die werk te doen.

ROLPRENT

Daar is toe 'n rolprent gewys van verskeie sportbyeenkomste op Stellenbosch, Groenpunt en Paarl in die jare 1928—1930.

Dit het die atletiek-klub geluk om 'n rolprent van die Olimpiese spele in Berlyn te kry van 'n klub in Kaapstad. Mnr. Kelder, verbonde aan die Liggaamsopvoeding-fakulteit, wat self by die spele teenwoordig was, het 'n lewendige en interessante kommentaar gelewer oor die verskeie nommers.

Hiermee het die plaaslike atlete 'n baie suksesvolle seisoen afgesluit.

# DAMES-NETBAL

Verlede Saterdag met die netbal Intervarsity, het ons spanne te staan gekom teen hul gedugste teenstanders, nl. O.K.P. Die eerste span het uiters aanskoulike spel gelewer en toe die eindfluitjie blaas was die telling 25—17 in die guns van die Maties.

Met die 2e en 3e spanne het dit egter nie so goed gevaar nie en die telling van albei die wedstryde was ten gunste van O.K.P.

Die oorwinning van die 1e span word egter as 'n groot prestasie beskou en almal kan weer met nuwe moed Saterdag die wedstryd teen Wellington aanpak.

# Plate-Program

## Sondagaand om 8.30

## 'n Uurtjie met Haydn

*„Suiwer Wiskunde, in sy moderne ontwikkeling, mag daarop aanspraak maak dat dit die mees originele skepping van die menslike gees is. 'n Ander eiser vir hierdie posisie is Musiek."*
*—Prof. A. N. Whitehead.*

*Franz Joseph Haydn* is 31 Maart 1732 in Laer Oostenryk van Slawiese ouers gebore. Van jongs af toon hy musikale talent en later tree hy op as koorsanger. Ook voor sy troue met 'n dame, wat glad nie 'n geskikte lewensgesellin was nie, het hy 'n baie moeilike tyd gehad. Gelukkig word hy egter deur Prins Anton (en later Prins Nicholaus) Esterhazy (naby Wene) in diens geneem. Hier het hy vrye teuels gehad en dus 'n gulde geleentheid vir eksperimentasie in orkestrasie. In 1791 gaan hy vir die eerste keer na Londen, waar hq o.a. 'n aantal nuwe simfonië uitvoer. Na sy terugkeer in Wene neem Beethoven by hom les. Sy bekendste werk, „Die Skepping," is met groot sukses in 1799 opgevoer. In 1801 volg die oratorium „Die Jaargetye" met byna net soveel sukses.

Kort voor sy dood het Haydn weer 'n opvoering van „Die Skepping" bygewoon. Hy was so aangedaan deur die woorde: „En daar was Lig!' dat dit wenslik geag is om hom huistoe te neem na die eerste deel. Terwyl hy die saal verlaat het, het Beethoven sy hande en voorhoof vurig gesoen. By die deur het Haydn 'n ruk gewag, toe omgedraai en sy hand seënend opgehef. Dit was ook die laaste maal dat hy in publiek gesien is, en 31 Mei 1809 is hy in sy geliefde Wene oorlede.

Haydn, die „Vader van die moderne orkes," is een van die allerbelangrikste persoonlikhede in die musiek. Die Sonata-vorm is hoofsaaklik aan C.P.E. Bach (1714—88) en Haydn te danke. Verder het Haydn die Sonata-vorm op die Simfonie, die Konsert, die Snaarkwartet en ander Kamer-musiek toegepas, en het die moontlikhede van hierdie vorme met die veelsydigheid van 'n genie ontwikkel. Sy komposisies sluit in: meer as 'n honderd simfonië, konserte, 80 snaarkwartette, klavier- en snaar-trios, kantatas, verskeie operas, sonatas, sangstukke, ens.

Hierdie week se program bestaan uit die volgende:—

(1) Twee koorstukke uit die oratorium, *„Die Skepping,"* nl. *„Die Hemele Vertel"* en *„Kom Neem jul Harpe."* Dit sal aangename herinneringe van Herr Endler se opvoering van verlede jaar opwek.

(2) Die *Klawersimbaalkonsert in Cis-kleinterts,* wat soos meeste konserte uit 3 bewegings bestaan.

(3) In 1797 het Haydn die nasionale volkslied van Oostenryk, *„Gott erhalte Franz den Kaiser"* gekomponeer. „Afrikaners, Landgenote" berus op hierdie melodie. Haydn het in sy *„Kaiser"*-kwartet in C-grootterts hierdie melodie gebruik. Hieruit hoor u die tema en finale variasie.

(4) Die *Verrasingsimfonie* in *G-grootterts (No. 94).* Van alle musici is Haydn die opgewekste en nêrens is hy meer vrolik as in sy simfonieë nie. Hy het altyd grappe gemaak met die orkes: In hierdie simfonie bring hy skielik 'n harde slag in die tweede (stadige) deel in om sodoende die sluimerende gehoor te wek! Haydn se suiwer joligheid is waarlik sy grootste bekoring.

Ons innige dank aan Prof. de Villiers vir die leen van sommige van sy plate.

*G. F. S.*

# Blaasorkes Blaas Met Lus

Verlede Vrydagaand het 'n paar toehoorders die oefening van die Studente-blaasorkes in die Hollandse saal bygewoon en was meer as verbaas oor die vordering wat die lede van die orkes reeds gemaak het.

Onder leiding van mnr. E. C. Pienaar kon 'n groepie van die orkes reeds op baie belowende wyse 'n nommer lewer.

In die ateljee was die tamboerslaners besig om die drie tamoere: Sol, Nappie en Snottie met lus te karnuffel. Van ver af kon mens reeds die tamboere hoor en moes jy jouself bedwing om nie in marsstap te geraak nie.

Groot dinge kan van die toer aan die einde van die jaar verwag word, indien die lede van die orkes met dieselfde ywer volhou om te vorder soos dit tot nou toe die geval was.

---

Mej. Ria Pienaar het 'n tydjie gelede haar oog ernstig beseer, en dit verskaf haar nog baie ongerief nieteenstaande die feit dat sy onder behandeling van 'n oogarts is.

* * *

Dan is daar die geval van Mnr. Gert le Roux van Dagbreek wat vir twee poste geskiet het en toe antwoord van ses gekry het.

*Ondersteun Die Matie*

APTEKERS
Ons bied u deskundige bediening en betroubare medisyne aan. Deskundige Fotografiese Handelaars.
Maak gebruik van ons Vlugge Fotografiese Posdiens.
JOERNING EN SEUN
(Eiens.) Bpk.
Hoek Bird- en Pleinstraat,
STELLENBOSCH.

Goeie Raad!
Vir Netjiese Drukwerk en ander Skryfbehoeftes
Besoek
DOWSON
Ons Staf tot U Diens.

Maties!....die gewilde afsaalplek....
die Kaapstadse Koffiehuis
Wandelgang,
Groote Kerkgebou,
KAAPSTAD
(Foon 3-0520)
'n Ou Tradisie herlewe!
Na 'n besige dag in die stad — rus en smaaklike etes in die KOFFIEHUIS.

Suikerbossie Melksalon
HOOFKWARTIER van GESONDHEID.
Ligte Etes, Melkdranke (warm en koud), Koffie, Tee en Lekkers.
Onder persoonlike toesig van
OOM HUGO.

Dames dis u plig om u hare
by die
DAMES HAREVERSORGING-
SALON
te laat versorg.
*U voorkoms is hoofsaak.*
U onderskeiding by ons verseker die vordering van die Afrikaanse ondernemingsgees en versorg werk vir die Afrikaner dogter.
*Ons pryse is na u smaak.*
**Dagbreek-Dames-
Hareversorgingsalon
Langmarkstraat 141,
KAAPSTAD.**
(Grondvloer).
*Skakel 2-5662.*

R. MÜLLER
EERSTE vir KLAVIERE, VLEUELS, ORRELS.
Alle ander soorte
MUSIEKINSTRUMENTE, MUSIEKALE BENODIGHEDE, DRAADLOOSTOESTELLE EN GEDRUKTE MUSIEK. WAPENS, AMMUNISIE, ens.



R. MÜLLER
(Eiens.) Bpk.
KAAPSTAD en STELLENBOSCH.

Tel. 2-1944. Posbus 2657.
**R. W. van Rijn,**
BRILMAKER.
Kamers 501-520 Vyfde Verdieping
Groote Kerkgebou,
KAAPSTAD.
Laat u brilvoorskrif deur my voltooi word. Maak u keuse uit 'n groot verskeidenheid van moderne rame.
Spesiale afslag vir Studente.

**Darters**
Pleinstraat, Stellenbosch
*Vir waarde in*
*Boeke,*
*Skryfbehoeftes,*
*Musiek,*
*Musiekinstrumente*
*en Kunsmateriaal* ens
Ons is ook Fabriek-Distribueerders vir die beroemde „*HIS MASTER'S VOICE*"-
Radio's en Radiogrammofone.

**PLAZA**
(Foon 0013.)
**Tarzan's
Secret Treasure**
met
**Johnny Weissmuller
Maureen O'Sullivan**
*John Sheffield*
**Vrydag en Saterdag
12de en 13de Junie**
Matinee Saterdag om 3 n.m.

## DIE MATIE

Hoofredakteur: A.N.S.-Taksleier.
Redakteur: P. A. Theron.
Ass.-Redakteur: B. J. v. d. S. de Villiers
Nuus-Redakteur: D. F. v. d. Merwe.
Besigheidsbestuurder: S. P. Botha.
Spesiale Medewerkers: D. G. Franzsen, W. R. Laubscher.

Deel II. 12 JUNIE 1942. No. 15.

## Waarom?

In die afgelope tyd is *Die Matie* van verskeie kante beskuldig dat hy onwelvoeglike en onbillike aanvalle gemaak het. Dit sal dus goed wees om kortliks te let waarop die aanvalle van *Die Matie* in die verlede gemik was.

Die groot doel wat *Die Matie* vir homself gestel het, was en is nog steeds om die Liberalistiese gees, wat sowel 'n oorsaak as gevolg van die Ou Orde is, aan te val. Die Ou Orde, d.w.s. die Kapitalisties - Parlementêr- Partypolitieke-Stelsel, is 'n direkte uitvloeisel van die rasionalistiese idee dat die mens op grond van sy rede instaat is om die beste besluit in verband met enige saak te neem, mits hy oor die feite beskik en *vry* gelaat word om sy besluite te neem. Dit is die grondslag van die idee dat die meerderheid altyd reg is, en dat die indiwidu soveel moontlik persoonlike vryheid moet geniet; vandaar die s.g. Laissez Faire politiek van die vorige eeu.

Hierdie stelsel en politiek het as gevolg gehad dat die meer bekwame of meer gewetenlose indiwidue instaat gestel was om hulself te verryk ten koste van die ander. Deur hul vryheid te misbruik en hul rykdom te gebruik beheer hierdie kapitaliste vandag die ekonomiese struktuur van die lande waar die Ou Orde nog heers. Wat meer is, hulle beheer ook die pers, d.w.s. die medium waardeur die massa kennis kry omtrent landsake, en hulle sorg natuurlik dat slegs die feite aan die massa gegee word wat hulle sal bring om besluite te neem in die guns van die kapitalis.

Dit is natuurlik dat in so 'n staat almal sal stry om ook van die bevoorregtes te wees, want alleen dan voel hy veilig omtrent die toekoms. Die mens wil sekerheid hê; hy wil hom nie gedurig bekommer oor die toekoms nie, of hy genoeg sal hê om te eet of te drink nie, en omdat hy slegs op sy eie kragte kan reken, moet hy sy medemens as sy vyand beskou in die stryd om bestaan. Die lid van die volksmassa het in hierdie stryd nie veel kans teenoor die kapitalis nie, en sal dus tot die uiterste veg vir die behoud van die paar regte wat hy nog mag besit, want hy voel dat hoe meer van sy regte weggeneem word hoe minder is sy kanse in die stryd. Dit is ook om die rede dat ons in ons land baie meer hoor van die regte van die burger as van sy pligte.

*Die Matie* beveg hierdie stelsel wat die een indiwidu toelaat om sy medemens uit te buit, wat die een burger die vyand van die ander maak terwyl almal lede van dieselfde volk is, en wat as gevolg het die klemlegging *van my regte* in plaas van *my plig teenoor my medeburger*.

Vanselfsprekend is die kapitaliste die nuwe Christelike-Nasionale staat nie goedgesind nie en doen alles in hul vermoë om die ou stelsel te behou. Hulle belangrikste propaganda-middel is die vrees van die indiwidu dat sy kanse in die stryd om bestaan slegter gemaak word as hy van sy regte verbeur. Daarom word daar gedurig vertel dat die gewone burger allerhande regte sal moet verbeur in die nuwe staat, terwyl dit juis die vreemde kapitaliste is wat die meeste regte sal moet verbeur (vernaamlik die reg van uitbuiting). Die burger sal meer regte kry n.l. die reg om 'n ordentlike lewensbestaan te voer, die reg om te werk, ens., maar sy pligte sal hy ook getrou moet nakom.

Waar dit die dinge is wat *Die Matie* aanval, kan ons slegs tot die gevolgtrekking kom dat die persone wat nog *Die Matie* aanval, se oë nog nie geopen is vir die slim taktiek van die kapitaliste en ander wat die Ou Orde wil behou nie. Hulle laat hulle vang deur 'n paar leë strydkrete om 'n orde te verdedig wat hulle self weet verrot is.

# *Die Oorlog*

## XV. 'n Wêreldoorlog Inderdaad.

*„De Waereldgeschiedenis is 't
Waereldgericht,
Vergelding, de wet der Historie."
— Ten Kate.*

*Deur Prof. J. A. Wiid*

### DIE RUSSIESE FRONT

Sedert die onlangste groot veldslae by Kerch en Karkof skyn daar aan die Russiese front op die oomblik nie veel gaande te wees nie. Tog het daar gedurende die afgelope paar dae aan hierdie front twee gebeurtenisse plaasgevind wat meer as gewone aandag verdien. Die een is die besoek van Adolf Hitler aan Mannerheim, die Finse opperbevelhebber, by geleentheid van laasgenoemde se 75ste verjaardag. Hierdie besoek is beslis nie „'n buitengewone gebaar van erkentlikheid jeens die Spil se waardevolste bondgenoot onder die klein state van Oos-Europa" nie. Die skoen sit aan die ander voet. Dit is Finland wat erkentlik moet wees vir die hulp wat hy teen sy doodsvyand, Rusland, van die Spil ontvang het. Die besoek was ook seker nie 'n gewone verjaarsdagbesoek nie. 'n Staatshoof doen nie so iets in tyd van oorlog nie. Die feit dat Hitler vergesel was van Keitel en ander belangrike persone skyn aan te dui dat sake van gewig onder bespreking was. Dit kan aangeneem word dat die belangrike Russiese hawestad, Moermansk, een van die onderwerpe van bespreking was. Dit is veral deur hierdie hawestad dat Amerikaanse en Britse oorlogstuig die Russiese bondgenoot kan bereik. Die verhewigde Duitse lugaanvalle op die Geallieërde skepe wat na Moermansk vaar, veral in hierdie nagtelose tyd van die jaar, skyn 'n versnelde tempo in die oorlogsvoering aan hierdie Yssee-front aan te kondig.

Nie alleen in die hoë noorde van die Russiese front nie maar ook voor Sebastopol, die sterkste Russiese vlootbasis aan die Swartsee, word hard geveg. Hierdie sterk-bevestigde stad is sedert maande van die land se kant omsingel en sy verlies sal vir die Russe 'n ernstige slag wees ofskoon hy as vlootbasis vir geruime tyd seker nie meer gedeug het nie.

### NOORD-AFRIKA

In Noord-Afrika duur die slag, wat vertien dae gelede begin het, met onverminderde woede voort. Geen van die vegtende partye het tot hiertoe 'n beslissende oorwinning behaal nie. Dit bly by aanvalle en teenaanvalle. Dit lyk of die slag die vorm van 'n materiaalslag aanneem. Indien dit die geval is, sal dit vir die Britte moeiliker wees as vir die Spilmagte om die verlies aan gemeganiseerde oorlogstuig aan te vul. Van Italië na Noord-Afrika is maar 'n hanetreetjie in vergelyking met die afstand tussen Brittanje en Noord-Afrika om die Kaap die Goeie Hoop. Dit is hierdie geweldige afstande wat so 'n groot nadeel vir die Brits-Amerikaanse oorlogsvoering uitmaak.

### DIE VERRE OOSTE

Na die Japanse verowering van Birma het die swaartepunt van die stryd in Asië na China verskuif. Tsjoenking-China, feitlik afgesny van alle toevoerweë, maak vandag kennis met verwoede Japanese aanvalle uit verskeie rigtings. Dit sal 'n uiters moeilike taak vir die Chinese wees om, in hulle afgeslotenheid en sonder noemenswaardige eie oorlogsnywerhede, die Japanners suksesvol die hoof te bied. Die uitgestrektheid van die land en sy menserykdom sal soos in die geval van Rusland, waarskynlik sy sterkste verdediging wees.

In die oorlog in die Verre Ooste is dit duidelik dat die Japanners nog altyd die inisiatief in eie hande het. Gedurende die afgelope paar weke het 'n mens verneem van Japanse lugaanvalle op Dutch Harbour, die Amerikaanse vlootbasis voor Alaska, van Japanse aanvalle op die Amerikaanse Midway-eiland, van Japanse duikbote in die hawe van Sydney (Australië) en voor Madagaskar. Van Alaska na Madagaskar is dit vier vastelande, nl. Amerika, Asië, Australië en Afrika wat kennis met die Japanners se wapens maak. Saam met die oorlog in die weste het ons vandag inderdaad 'n wêreldoorlog sonder weerga in die geskiedenis van die wêreld.

Die Japanse aanval op Dutch Harbour is nie sonder belang nie. Hier die Amerikaanse vlootsteunpunt op een van die Aleote-eilande, eilande-reeks in Amerikaanse besit wat in westelike rigting strek tot betreklik naby die Russiese vlootbasis van Petropawlowsk op die skiereiland van Kamtsjatka. Dit is dan ook opmerklik dat in die Amerikaanse tydskrif „Foreign Affairs" (April 1942) melding gemaak word van laasgenoemde twee Russiese name wat as toekomstige afspringplekke vir 'n Amerikaanse offensief teen Japan sal moet dien.

### AUSTRALIË

As daar 'n land is wat hom September 1939 die verloop van hierdie oorlog anders voorgestel het as wat werklik gebeur het dan is dit waarskynlik Australië. Hierdie Britse dominium, wat in die verlede nooit geaarsel het om goed en bloed in verre lande vir die Empaaier op te offer nie, bevind hom vandag in 'n uiters gevaarlike posisie. Die Japanse verowerings in die Suid-Westelike Pasifiese Oseaan het die Japanners voor die poorte van Australië gebring. Daar is vandag beskermende Amerikaanse, Britse en Hollandse besittings ten noorde van Australië nie. Daarby moet voor oë gehou word dat afstand (distansie) 'n faktor is wat in elke Australiese probleem ingryp. Terwyl Yokohama (Japan) slegs 4,300 myl van Sydney verwyder is, is die afstand tussen Nu-York en Fremantle (Wes-Australië) om die Kaap die Goeie Hoop byna 12,000 myl. Ook Liverpool is ongeveer 12,000 myl van Fremantle.

*Vervolg op bls. 3 kol. 2.*

**Rook Springbok-Sigarette**

## EX LIBRIS

### Ds. T. N. Hanekom.

**LEES IS GOED, MAAR VERSTAAN BETER.**

„Verstaan jy wat jy lees?" Hand. 8: 30.

Elke dag van ons lewe sien ons die geskrewe woord — briewe, koerante, boeke, die Bybel miskien! Al hierdie dinge dring hulself op aan ons oog; hulle word opvallend geadverteer of by ons deure ingegooi, ongevraagd of op versoek. Soms staan daarop geskrywe „Dringend," soms swart letters bo-aan! Ons kan nie anders nie, ons moet hulle lees, en doen dit ook. Die vraag is maar of ons verstaan wat ons lees? Die vraag wat ons hierbo-aan geskrywe het, is die vraag wat elke dag homself aan ons opdring en om 'n antwoord vra. En van die antwoord is veel afhanklik. Want, daar word so baie geskrywe. Vanaf die vroegste tye tot vandag toe, beweeg die penne met koorsagtige haas oor die papierblaaie. Soms selfs op perkament. Woorde, lang rye woorde, almal gedagtes op skrif, volg op mekaar en bring hulle omsluierde boodskappe, dikwels spesiaal gerig aan ons adres. En wie sou nie lees nie?

God het ook aan ons geskrywe en doen dit nog, elke dag! In die natuur, sy skepping, is sy skrif te lees. In die uitspansel staan sy vlammende letters. Ook op die rotse! Want Hy het sy wet geskrywe met sy vinger op 'n rotstafel, onuitwisbaar ingegrafeer! Ja „God sprak; men stell' op berg en rots, Zyn woord in eeuwig Schrift; en ieder die dat schrift aanschouwt, die leze, wat Hy sprak."

Maar bo alles skryf God aan ons in sy Woord. Op kosbare perkamentblaaie het Hy deur sy profete sy boodskap aan ons opgeteken. En die Here skrywe nooit naamloos nie! „So sê die Here," staan op elke bladsy om vir Hom as outeur aan te wys, en die outeursreg op sy boek te bevestig! Die Bybel is die boek waarin die Here tot ons skrywe. Die vraag is maar of ons dit verstaan?

Meermale lees ons in die Heilige Skrif van mense wat dit nie kan verstaan nie. Daar was Bélsasar, Koning oor Babel, die bakermat van alle verwarring. Teen die mure van sy paleis van sonde, het die vinger van God 'n oordeel neergeskrywe. Hy kon dit nie verstaan nie. Dit was naby genoeg en duidelik genoeg, maar hy was nou eenmaal die koning van Babel — Babel wat van die begin af die handskrif van God nie kon ontsyfer nie! Hierdie boodskap was gerig aan sy adres en bevat 'n oordeel oor sy koningskap. Sy dae is getel, sy oordeelsuur het geslaan. Op die weegskaal van God ...word ook leiers geweeg! En ook soms te lig bevind! Dit staan op Skrif. As hulle dit maar kon lees en verstaan. Of as hulle maar wil luister na die wat die Skrif kan lees!

Ook hierdie hofdienaar aan wie die vraag van ons teks gestel word, kan lees maar nie verstaan nie. Hy wou so graag! Daar in Jerusalem het hy vir hom die Boek gekoop en sommer dadelik op sy terugreis begin lees. Hy was miskien nog maar jonk, met die groot, groot lewe nog voor hom, maar oud en ernstig genoeg om te wil verstaan wat hy lees. Ongelukkig kon hy nie. Daar was niemand om vir hom die weg te wys nie. Hy moes die sleutel vind vir die moeilike Skrif van God, maar tevergeefs. God het egter die gedagtes van sy hart geken en verstaan en 'n man gestuur wat weet, 'n man wat nie net lees nie, maar ook verstaan wat hy lees! Toe het die woorde begin lewe voor hom en in hom. Toe het Gods gedagtes begin brand in sy hart! Om te lees is goed, om te verstaan heerlik. En hy het met blydskap voortgereis!

God skryf ook in sy Woord tot ons wat jonk is. Ons is almal lesers van sy Woord. Of ons dit verstaan?

## Uniale C.S.V.-Konferensie Aan Die Strand

### Onderwerp Het Betrekking Op Huidige Probleme

**Op die Uniale C.S.V. Studentekonferensie wat vanaf 27 Junie tot 1 Julie by Rusoord, in die Strand gehou word, sal as onderwerp dien: „Die Christen se Rykdom, Wandel en Stryd." Die volgende sal moontlik as sprekers optree: Prof. Dr. B. B. Keet, Ds. G. S. Möller, Ds. Ben Marais, Ds. Z. C. B. Stofberg e.a.**

As gevolg van verskeie moeilikhede kan die konferensie nie meer op Aliwal-Noord of Graaff-Reinet of selfs Glen, soos voorheen besluit is, plaasvind nie. Daar is vervolgens besluit om dit te hou in die Strand.

Die onkoste vir die hele tydjie sal wees £1-2-6 (reiskoste nie ingeslote). Persone wat graag wil gaan, kan hulle name inhandig by Jannie van Vuuren, C.S.V.-gebou of enige van van die bestuurslede. Dit moet geskied voor 19 Junie.

DIE DOEL

Die doel is die toebereiding van 'n groepie in elke inrigtig vir hoër onderwys, wat nie alleen self sal kan bestaan in Christus nie, maar ook andere sal kan help in hierdie ernstige stryd. Veral in hierdie dae van Wêreldchaos, en stryd op tydelike gebied, word die Christen aan baie strenge toetse onderwerp. Laat ons dus mekaar steun en help, sodat ons staande kan bly.

Die onderwerp wat bespreek sal word, is gekies sodat dit baie van ons huidige probleme sal dek.

In die verlede was die konferensies altyd baie aangenaam, en alle lede kan getuig van die vrug wat sulke byeenkomste gehad het tot versterking van die Christelike ideaal en strewe. Alle belangstellendes sal hartlik welkom wees, maar, aangesien daar heelwat organisasie aan verbonde is, sal dit baie waardeer word indien die persone wat gaan, hulle name voor die gemelde datum instuur.

**DIE OORLOG.**

*Vervolg van bls. 2 kol. 4.*

verwyder. Dit is oor hierdie geweldige afstande dat manskappe en krygstuig uit Amerika en Brittanje na Australië gestuur moet word. Dit moet verder onthou word dat hierdie hulp Australië alleen in beskermde konvooie kan bereik en dat die gemiddelde snelheid waarmee so 'n konvooi vaar slegs van tien tot twaal seemyle per uur is. Daar kan ook allerhande vertragende faktore, soos 'n vyandelike aanval, intree. Dit alles maak Australië baie geïsoleerd, byna 'n eiland omring van vyande.

As hulp uit Amerika en Brittanje nou eenmaal Australië bereik het, dan is die distansie-probleem nog geensins uitgeskakel nie. Australië self is 'n land van geweldige afstande, met 'n erg oneweredige verspreiding van die bevolking en met 'n baie gebrekkige verkeerstelsel. Dit is miskien nie algemeen bekend dat die Australiese spoorlyne drie verskillende wydtes het nie. Dit alles is faktore wat die verdediging van Australië bemoeilik. En tog is dit juis Australië wat as basis, as afspringplek, sal moet dien in die komende Brits-Amerikaanse offensief teen Japan. Hierdie offensief sal egter gou moet kom anders loop Australië en sy sewe miljoen inwoners groot gevaar.

Mnr. Phil Mostert van die Doeanekantoor, Johannesburg, het gedurende die naweek besoek afgelê by sy broer, Mnr. Billie Mostert van Dagbreek.

## Onder Onsies

Prof. Schapera van die Universiteit van Kaapstad, het Woensdagaand die Bantoe Studiekring toegespreek oor die onderwerp, „Hoofmanskap in die Betsjoeanaland-Protektoraat."

* * *

Mej Antoinette Webb was vir 'n paar dae terug hier op Stellenbosch om haar finaal af te rig vir die aanstelling wat sy gekry het as liggaamsopvoeding onderwyseres aan die Huishoudkundeskool te Potchefstroom.

* * *

Mej. Trina Smuts verlaat Stellenbosch aan die einde van die kwartaal. Sy is aangestel as musiekonderwyseres te George. Monica se koor sal haar bekwame leiding mis.

* * *

Mej. Jean Brincker, „Sonop," het verlede Dinsdagaand by wyse van 'n middernagtelike partytjie haar 20e verjaardag gevier.

* * *

Na verneem word sluimer daar uitstekende talent in die Kweekskool. O.a. is daar Mnr. Dawid de Villiers wat gedurende die klas gediggies skryf op Mej. Aletta van Zijl.


*Daar's 'n Rede*

Die knapste Student kry die beste pos.
Die beste Drukwerk trek die meeste aandag.
Ons is bekend vir kwaliteit drukwerk teen konkurrerende pryse.

**Pro Ecclesia-Drukkery,**
Die Laan, Stellenbosch.

8 UUR FOTODIENS
U films kan nou in 8 uur ontwikkel en afgedruk word
VERGROTINGS 'N SPESIALITEIT
8-Uur Fotodiens
V/h Herold's Ateljee
Andringastraat - Stellenbosch

*Studente!*
Wees ekonomies en gaan versigtig te werk.
●
Laat
**J. B. COETZEE**
u volgende pak klere of kleurbaadjie maak.
●
AGENT VIR NANNUCCI DROOG SKOONMAKERS.
●
*Andringastraat.*

**„Die Uitspan"**
**Waar?** In die C.S.V.-Hoofgebou.
**Wat?** KAFEE waar warm etes, warm- of koeldranke en allerlei lekkernye bedien word. - - - -
**Voorwaarde?** Kom vind uit en wees verseker van bevrediging in
**„Die Uitspan"**

**Alfred Blommaert,**
(Foon 48 en 176)
Kerkstraat,
STELLENBOSCH.
KRUIDENIERSWARE
- - YSTERWARE - -
- - PRODUKTE - -
Die Winkel vir billike en spoedige bediening.

**DIE EIKE KAFEE**
*(Eienaar: van der Wes.)*
STUDENTE:
Kom na die Eike vir vars vrugte, sjokolade en tabak.
Ons waardeer u ondersteuning en verseker u van ons beste dienste.

I N K.
Weens die Skaarste van Ink en Bottels sal daar in die toekoms alleen aan persone ink verskaf word wat hulle leë bottels aan ons terug besorg.
GOUE VULPENPUNTE.
Ons koop alle goue vulpenpunte wat nie meer bruikbaar is nie op teen 6d. stuk.
NUWE AFRIKAANSE BOEKE:
Springbok-Biblioteek. 5/6.
„Nalatenskap," deur Zelia Meyer.
„As die Skaduwees val," deur J. H. Grobler.
Kwarteeu-serie.
Mikro; Huisie teen die Heuwel — 10/-.
PAS ONTVANG:
Verskillende titels van TAGORE se werke: „Scarlet Pimpernel Omnibus," 8/6. — „Saint Omnibus," 8/6.
C.S.V.-BOEKHANDEL — STELLENBOSCH

*ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS*

**Rook Springbok-Sigarette**

